basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord SES vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
   AFDELING C: Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word nie. In AFDELING B sal slegs die eerste DRIE vrae nagesien word en in AFDELING C slegs die eerste TWEE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees AL die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **50 PUNTE – 25 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 'n Tegniek wat in vooruitskatting gebruik word om die onbekende te voorspel deur feite en inligting wat bekend is te gebruik, word … genoem.

A ekstrapolasie
B innovering
C opvoeding/onderwys

1.1.2 Goedere wat as sosiaal skadelik beskou word, staan as …-goedere bekend.

A meriete
B niemeriete
C primêre gesondheidsorg

1.1.3 Wat is die waarde van die vermenigvuldiger as nasionale inkome met R200 miljoen styg as gevolg van 'n belegging van R50 miljoen?

A 0,25
B 4
C 6,25

1.1.4 As 'n prysplafon ingestel word, moet daardie prys … as die markprys wees.

A dieselfde
B hoër
C laer

1.1.5 Die vraagkurwe van 'n monopolis is dieselfde as die …-kurwe.

A gemiddelde-inkomste
B totalekoste
C grensinkomste

1.1.6 As die produkreeks nie verbruikers se voorkeure weerspieël nie, staan dit as … ondoeltreffendheid bekend.

A produksie-
B toedelings-
C tegniese

1.1.7 Die telkaart wat gebruik word om vordering met Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) te meet, word deur die … gepubliseer.

A Amalgamated Banks of South Africa (ABSA)
B Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA)
C Departement van Handel en Nywerheid (DHN)

1.1.8 'n Argument ten gunste van die beskerming van plaaslike nywerhede is …

A onstabiele loonvlakke.
B die voorkoming van dumping.
C minder werksgeleenthede.

1.1.9 Die belangrikste funksie van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) is om …

A tariewe en kwotas te hef.
B handelsdispute op te los en belasting in te vorder.
C internasionale handel te monitor en te liberaliseer.

1.1.10 Stagflasie verwys na …

A lae werkloosheid en hoë groei.
B hoë werkloosheid en hoë pryse.
C 'n buitengewone prysstyging.

1.1.11 Toerisme …

A is een van die grootste werkverskaffers wêreldwyd.
B ondersoek alle produkte om 'n toerisme-onderneming te ontwikkel.
C lewer nie verslag oor strategieë om die omgewing te beskerm nie.

1.1.12 Minerale hulpbronne is …

A hernubaar.
B vervangbaar.
C niehernubaar. (12 x 2) (24)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die wisselkoersstelsel waar wisselkoerse deur die markkragte van vraag en aanbod bepaal word

1.2.2 Die meganisme wat kopers en verkopers van goedere en dienste bymekaarbring

1.2.3 Die Wet wat onbillike diskriminasie in die werkplek verbied

1.2.4 Stygende temperature as gevolg van die vernietiging van die osoonlaag

1.2.5 Hierdie tipe toerisme behels besoeke aan natuurlike, ongerepte gebiede (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Produksiefaktore | A glo dat markte inherent stabiel is |
| 1.3.2 Sanksies | B 'n markstruktuur met baie kopers en verkopers |
| 1.3.3 Monopolistiese kompetisie | C 'n markstruktuur met slegs een verkoper |
| 1.3.4 Globalisering | D insette in die produksie van goedere en dienste |
| 1.3.5 Herwinning | E die eksklusiewe reg om 'n produk te vervaardig |
| 1.3.6 Eksogene benadering | F skade aan rivierbeddings as gevolg van verkeerde kommersiële ontbossingspraktyke |
| 1.3.7 Patent | G 'n wêreldwye interaksie van ekonomieë met handel as sleutelelement |
| 1.3.8 Negatiewe eksternaliteit | H handels- en finansiële boetes wat deur een of meer lande op 'n ander land gehef word |
| | I die produksie van ekonomiese goedere uit afvalmateriaal |

(8 x 2) (16)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 50 PUNTE – 25 MINUTE

2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Kapitaal word op die (finansiële/goedere-) mark verhandel.

2.1.2 Die verhouding tussen 'n land se uitvoerpryse en sy invoerpryse word die (ruilvoet/handelsbalans) genoem.

2.1.3 'n Doelbewuste maatreël om die waarde van 'n geldeenheid te verlaag, staan as (depresiasie/devaluasie) bekend.


2.1.4 Lande met fundamentele betalingsbalansprobleme word gewoonlik deur die (Wêreldbank/Internasionale Monetêre Fonds) bygestaan.

(4 x 2) (8)

2.2 Noem enige DRIE faktore wat die aanbod van buitelandse valuta beïnvloed.

(3 x 2) (6)

2.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *City Press*, 26 Februarie 2012]

2.3.1 Wie is die Minister van Finansies wat in die spotprent uitgebeeld word? (2)

2.3.2 Verduidelik die boodskap wat deur die spotprent oorgedra word.

(2 x 2) (4)

2.3.3 Die grootste deel van owerheidsinkome word aan onderwys spandeer. Na jou mening, het die ekonomie hieruit voordeel getrek? Gee moontlike redes. (2 x 2) (4)

2.4 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE LOPENDE REKENING OP SUID-AFRIKA SE BETALINGSBALANS**

| | **2011 (2de kwartaal) R bn.** | **2012 (2de kwartaal) R bn.** |
|---|---|---|
| Goedere-uitvoere | 652,4 | 688,6 |
| Netto gouduitvoere | 70,4 | 79,2 |
| Goedere-invoere | -696,9 | -843,5 |
| Handelsbalans | 25,9 | -75,7 |
| Netto dienste-, inkome- en lopende oordragbetalings | -114,4 | -124,3 |
| **Saldo op die lopende rekening** | **-88,5** | **?** |

[Aangepas uit *SARB Kwartaalblad 2012*]

2.4.1 Definieer die begrip *betalingsbalans*. (2)

2.4.2 Bereken die saldo op die lopende rekening vir die tweede kwartaal van 2012. (2)

2.4.3 Gee 'n rede vir die verandering in die handelsbalans tussen 2011 en 2012. (2)

2.4.4 Na jou mening, wat kan gedoen word om 'n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans te verseker? (2 x 2) (4)

2.5 Verduidelik kortliks hoe die Suid-Afrikaanse regering fiskale en monetêre beleid (vraag-en-aanbodkant) sou toepas om sakesiklusse te effen (glad te stryk). (2 x 4) (8)

2.6 Verduidelik rekenpligtigheid en privatisering as probleme van openbaresektor-voorsiening. (2 x 4) (8)

**[50]**

**VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE** **50 PUNTE – 25 MINUTE**

3.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 In 'n monopoliemark sal die marginalekoste-kurwe altyd die gemiddelde-(koste/inkomste)-kurwe by sy minimum punt sny.


3.1.2 Merietegoedere, byvoorbeeld onderwys, word dikwels (onder-/oor-) voorsien deur die mark.

3.1.3 Interne koste staan ook as (sosiale/private) koste bekend.

3.1.4 'n Monopolis sal wins maksimeer waar marginale inkomste gelyk is aan (gemiddelde/marginale) koste. (4 x 2) (8)

3.2 Noem DRIE kenmerke van 'n *oligopolie*. (3 x 2) (6)

3.3 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Definieer die begrip *markmislukking*. (2)

3.3.2 Identifiseer die oorsake van markmislukking wat in PRENT A en B uitgebeeld word. (2 x 2) (4)

3.3.3 Verduidelik hoe produksievlakke en die pryse van goedere en dienste beïnvloed sal word as besoedelaars vir Sipho se mediese koste verantwoordelik gehou word. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | | | |
|---|---|---|---|
| CHICKEN LICKEN | KFC | SPAR | SHOPRITE |
| MCDONALD'S | | WOOLWORTHS | |
| NANDO'S | STEERS | OK | PICK N PAY |
| EDGARS | MR PRICE | | |
| | FOSCHINI | DION | MAKRO |
| TRUWORTHS | | | GAME |
| | JET | CLICKS | INCREDIBLE CONNECTION |
| MARKHAM | PEP | | |

3.4.1 Watter markstruktuur word deur die sakeondernemings hierbo verteenwoordig? (2)

3.4.2 Wat is die aard van die produkte wat in hierdie markstruktuur aangebied word? (2)

3.4.3 Identifiseer die soort wins wat hierdie sakeondernemings oor die lang termyn sal toon. (2)

3.4.4 Verduidelik hoe die sakeondernemings hierbo nie-prys-mededinging kan gebruik om hul markaandeel te vergroot. (2 x 2) (4)

3.5 Bespreek die rol van die sleutelinstellings wat mededinging in Suid-Afrika reguleer. (2 x 4) (8)

3.6 Verduidelik hoe natuurlike en kunsmatige monopolieë hindernisse kan wees vir ander produsente wat tot die mark wil toetree. (2 x 4) (8)
**[50]**

**VRAAG 4: EKONOMIESE STREWES** **50 PUNTE – 25 MINUTE**

4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Ekonomiese ontwikkeling impliseer 'n styging in die (produksie/menslikekapitaal) -kapasiteit.


4.1.2 Nywerheidsontwikkeling is op die toename van (uitvoere/invoere) gerig.

4.1.3 Tariewe wat per eenheid of massa bereken word, staan as (ad valorem-/spesifieke) tariewe bekend.

4.1.4 Direkte subsidies wat in uitvoerbevordering gebruik word, is (belastingafslag/ kontantbetalings) aan uitvoerders. (4 x 2) (8)

4.2 Noem DRIE groeisektore in Suid-Afrika wat die potensiaal het om werk te skep. (3 x 2) (6)

4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




Die meeste mense oorleef op 'n paar dollar per dag. Dit maak egter nie saak waar jy bly nie, ryk of arm, jy sal hoë vlakke van ongelykheid waarneem.

[Aangepas uit *Wêreldbank Verslag* 2012]

4.3.1 Watter tipe aanwyser word deur die staafgrafiek hierbo getoon? (2)

4.3.2 Verduidelik die begrip *armoedelyn*. (2)

4.3.3 Watter persentasie (%) van die wêreldbevolking leef bo die armoedelyn van $2 'n dag? (2)

4.3.4 Noem die ekonomiese begrip wat die omvang van armoede in verskillende lande meet. (2)

4.3.5 Waarom dink jy vind armes dit moeilik om vry te kom uit armoede? (2)

4.4 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE NASIONALE ONTWIKKELINGSPLAN**



Trevor Manuel het 'n Nasionale Ontwikkelingsplan voorgelê wat feitlik volle indiensname en hoë ekonomiese groei teen 2030 voorspel. Die dokument, opgestel deur die Nasionale Beplanningskommissie, meen dat die werkloosheidskoers teen 2030 van die huidige 25% tot 14% behoort te daal.

Dit sê die ekonomie behoort teen 'n gemiddeld van 5,4% per jaar te groei en dat die BBP per capita teen 2030 van R50 000 tot R110 000 per persoon behoort te styg. Die kommissie sê dat hierdie doelwitte bereik kan word deur onderwys te verbeter en sekere arbeidswette te verslap.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan maak voorstelle vir:

- Die uitbreiding van infrastruktuur om uitvoere te bevorder
- Die verlaging van lewenskoste vir arm huishoudings
- Die verlaging van die koste vir klein sakeondernemings om sake te doen.

Belastingaansporings is nodig om werkgewers aan te moedig om jongmense in diens te neem. Dit stel ook 'n ruimer immigrasiebeleid voor om hoëvlakvaardighede te lok.

[Aangepas vanaf die Internet, 2012]

4.4.1 Vir watter portefeulje is Trevor Manuel tans verantwoordelik? (2)

4.4.2 Watter ekonomiese aanwyser uit die uittreksel kan gebruik word om lewenstandaarde te vergelyk? (2)

4.4.3 Hoe kan die Nasionale Ontwikkelingsplan die bevordering van klein- en mediumondernemings (KMO's) bystaan? (2)

4.4.4 Hoe kan die ekonomie 'n gemiddelde groeikoers van 5,4% per jaar bereik? (2 x 2) (4)

4.5 Verduidelik Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) as 'n ontwikkelingsinisiatief. (4 x 2) (8)

4.6 Bespreek kortliks die Noord-Suid-verdeling. (2 x 4) (8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 5: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 50 PUNTE – 25 MINUTE**

5.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 Die inflasieteiken vir Suid-Afrika is tans (3–6%/2–5%).

5.1.2 Die indeks wat na produksiekoste verwys, staan as die (verbruikers/produsente)-prysindeks bekend.

5.1.3 Ouderdomspensioentrekkers en mense met 'n vaste inkomste sal (bevoordeel word deur/ly onder) algemene prysverhogings.

5.1.4 Belasting wat gehef word op die uitset van goedere wat eksterne omgewingskoste skep, word (groen/inkomste)-belasting genoem.
(4 x 2) (8)

5.2 Noem enige DRIE voordele van toerisme vir huishoudings. (3 x 2) (6)

5.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TOKSIESE GETY DREIG OM
GEWILDE ERFENISTERREIN TE OORSTROOM**

Die Gold Reef City-mynmuseum word deur stygende suurwater bedreig. Die verlate skag was eens die wêreld se grootste en diepste goudmyn. Dit ontvang daagliks ongeveer 3 000 besoekers, insluitend honderde skoolkinders en studente. Die probleem het ontstaan toe myne gesluit en die pompe wat altyd die watervlak beheer het, afgeskakel is. Die Departement van Waterwese het aanbeveel dat stappe gedoen moet word om die watervlak in 'n groot holte (wat as die sentrale kom bekendstaan) onder Johannesburg te verlaag.

As die water nie vinniger gepomp word nie, sal suurwater die museum teen Junie 2013 bereik. In sekere gebiede van Johannesburg het die water reeds die oppervlak bereik. Dit word behandel en na die Vaalrivierstelsel gekanaliseer.

Volgens Jaco Schoeman, hoofbestuurder van Mine Restoration Investments (MRI), het ons tegnologie nodig om die gehalte en hoeveelheid water te hanteer. Hy noem ook dat wette en regulasies aangepak en befonds moet word.

[Aangepas uit *Sunday Times*, 30 September 2012]

5.3.1 Definieer die begrip *besoedeling*. (2)

5.3.2 Na jou mening, waarom is Gold Reef City so 'n gewilde toeristebestemming? (2 x 2) (4)

5.3.3 Hoe kan die bedreiging van stygende suurwater opgelos word?
(2 x 2) (4)

5.4 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit *Mail & Guardian*, Desember 2009]

5.4.1 Wat verstaan jy onder die begrip *omgewingsvolhoubaarheid*? (2)

5.4.2 Beskryf die boodskappe wat deur die spotprent oorgedra word. (2 x 2) (4)

5.4.3 Na jou mening, wat sal die impak van klimaatsverandering op die omgewing wees? (2 x 2) (4)

5.5 Verduidelik die effek van toerisme op indiensneming en armoede. (2 x 4) (8)

5.6 Verduidelik hoe die toeken van eiendomsreg deur die openbare sektor tot omgewingsvolhoubaarheid kan lei. (4 x 2) (8)

**[50]**

**VRAAG 6: MAKRO- EN MIKROËKONOMIE 50 PUNTE – 25 MINUTE**

6.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 Die aanwyser wat rigting gee oor waarheen die ekonomie op pad is, word 'n (leidende/sloerende) aanwyser genoem.


6.1.2 Funksies en eienaarskap wat van die private na die openbare sektor oorgedra word, staan as (nasionalisering/privatisering) bekend.

6.1.3 Die huur wat 'n entrepreneur betaal, word as 'n (eksplisiete/implisiete) koste beskou.

6.1.4 Besoedeling is 'n vorm van 'n (private/sosiale) koste. (4 x 2) (8)

6.2 Noem die DRIE metodes wat gebruik word om die bruto binnelandse produk (BBP) te bereken. (3 x 2) (6)

6.3 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




6.3.1 Watter tipe ekonomie word deur die diagram voorgestel? (2)

6.3.2 Benoem **A** en **B** in die diagram. (2 x 1) (2)

6.3.3 Identifiseer EEN voorbeeld van 'n inspuiting in die diagram. (2)

6.3.4 Verduidelik die interaksie tussen die sakesektor en die staat. (2 x 2) (4)

6.4 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOSTE EN VOORDELE VAN DIE VERSKAFFING VAN ELEKTRISITEIT AAN SKOLE**

| **SKOOL** | **EKONOMIESE KOSTE R miljoen** | **EKONOMIESE VOORDELE R miljoen** |
|---|---|---|
| A | 1 | 0,5 |
| B | 2,5 | 1 |
| C | 3 | 4 |

6.4.1 Wat is die rasionaal agter die koste-voordeel-ontleding? (2)

6.4.2 Gebruik die inligting in die tabel en teken 'n volledig benoemde staafgrafiek wat die koste en voordele vir elke alternatief aandui:

Vertikale as: Koste/Voordele R miljoen.
Skaal 1 cm = 0,5 R miljoen
Horisontale as: Skole (6)

6.4.3 Watter skool behoort die elektrisiteit te ontvang? (2)

6.5 Bespreek arbeidsbronne en tegnologie as redes vir internasionale handel.
(2 x 4) (8)

6.6 Onderskei tussen *prysleierskap* en *kartelle* as vorms van samespanning.
(2 x 4) (8)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**PUNTETOEKENNING VIR OPSTELANTWOORDE**

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | | PUNTETOEKENNING |
|---|---|---|
| **Inleiding** | | Maks 3 |
| **Inhoud** | | |
| • Hoofdeel | Byvoorbeeld: bespreek/onderskei/differensieer/ verduidelik/analiseer/evalueer/assesseer | Maks 30 |
| • Addisionele deel | Byvoorbeeld: teken 'n grafiek of diagram/ lei af/gee 'n oorsig/verduidelik kortliks/ brei uit/jou eie opinie/ondersteun | Maks 10 |
| **Slot** | | Maks 2 |
| **Interpretasie** | | Maks 5 |
| **TOTAAL** | | **50** |

**VRAAG 7: MAKRO-EKONOMIE 50 PUNTE – 40 MINUTE**

Fiskale beleid is 'n instrument wat deur die owerheid gebruik word om die ekonomie te beïnvloed.

- Bespreek in detail die effek van fiskale beleid en sluit 'n Lafferkurwe in. (30 punte)
- Tot watter mate was die Suid-Afrikaanse owerheid suksesvol in die implementering van sy fiskale beleid? (10 punte) **[50]**

**VRAAG 8: MIKRO-EKONOMIE 50 PUNTE – 40 MINUTE**

Markte vorm die middelpunt van ekonomiese aktiwiteite.

- Ontleed, met behulp van grafieke, die verskillende ewewigsposisies (normale wins, ekonomiese wins en verlies) van die individuele besigheid onder volmaakte mededinging. (30 punte)
- Ondersoek die voorwaardes waaronder volmaakte mededinging suksesvol funksioneer. (10 punte) **[50]**

**VRAAG 9: EKONOMIESE STREWES 50 PUNTE – 40 MINUTE**

Streeksnywerheidsontwikkeling verwys na beleidsrigtings wat op die verbetering van die ekonomiese lewensvatbaarheid van spesifieke gebiede gemik is.

- Bespreek streeksnywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika deur te fokus op Ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe en Nywerheidsontwikkelingsones. (30 punte)
- Hoe geskik is die verskillende finansiële aansporings wat deur die Suid-Afrikaanse owerheid toegestaan word vir die oprigting van nuwe besighede? (10 punte) **[50]**

## VRAAG 10: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**50 PUNTE – 40 MINUTE**

Inflasie is 'n ekonomiese probleem wat elke lid van die samelewing al ondervind het.

- Ondersoek die verskillende maatreëls om inflasie te bekamp. (30 punte)
- Ontleed die gevolge van inflasie op inkomste en rykdom. (10 punte) **[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 100**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou